Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 5, Nr 2, 1975. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

# VERSLAE VAN NEUTRALE MILITÊRE WAARNEMERS TYDENS DIE ANGLO-BOEREOORLOG

## DIE GEVEG BY SANNASPOST[1]

**Deur Luitenant C. J. Asselbergs**

Na die besetting van Bloemfontein deur die Engelse was die Boere se weermag in die Oranje-Vrystaat amper geheel ontbind. Die gebeurtenisse in die laaste helfte van Februarie en die begin van Maart (1900) het die burgers baie gedemoraliseer en die leiers was nie by magte om hul mense langer in die veld te hou nie.

Op 17 Maart (1900) is in Kroonstad 'n groot krygsraad belê om die toestand te bespreek en die verdere gedragslyn te bepaal. Wat by hierdie geleentheid behandel is, sal ek nou buite bespreking laat en net vermeld dat daar besluit is "om nie langer vaste stellings in te neem nie" en "van stryd met groot magte af te sien". Met klein kommando's onder verantwoordelike aanvoerders sou hulle die vyand soveel moontlik afbreuk doen, hom eers "uitlok" en dan op "sy trek" onverwags aanval en veral ook sy agterwaartse verbindings tref.

Dit was die groot verdienste van president Steyn dat hy kans gesien het om die ontmoedigde burgers weer onder die wapens en by hul kommando's te kry; danksy sy energie en die besieling wat van sy woorde uitgegaan het, kom in die loop van die eersvolgende weke weer verskeie kommando's tussen Kroonstad en Brandfort byeen.

Generaal de Wet het spoedig die geleentheid gekry om te toon wat hy met 'n klein afdeling kon uitrig, onbelemmerd deur 'n groot trop waens. Sy optrede by Sannaspost was van dieselfde uitwerking as die handelinge wat in die laaste helfte van 1900 De Wet se naam op ieder se lippe gebring het. Van besondere betekenis was die sukses wat by hierdie geleentheid behaal is omdat dit die eerste was na 'n periode van groot ontmoediging en dit bygedra het tot die verbetering van die algemeen bedrukte stemming.

Met my kollega Nix het ek hierdie geveg van baie digby gevolg, maar in die besonder dié deel wat hom by die Koornspruit afgespeel het. Hiervan volg hier die beskrywing. Dit is uitsluitend op eie waarneming gebaseer. Slegs word enkele aanhalings uit 'n verslag van Engelse kant ter verduideliking verstrek.

### Die opmars

Op 27 Maart (1900) in die namiddag het ons in Brandfort verneem dat generaal De Wet se voorneme was om die volgende aand vandaar uit te ruk. Op ons versoek het hy ons die volgende meegedeel: "Blykens berigte bevind 'n Engelse afdeling hom te Thaba N'chu wat klein afdelings uitgestuur het, onder meer ter beskerming van die Bloemfonteinse waterleiding. Dit is my plan om twee kommando's uit te stuur, een na die pad van Bloemfontein na Thaba N'chu om die vyandelike afdelings in die ooste van laasgenoemde dorp af te sny, en een in die rigting van Bloemfontein om moontlike versterkings wat vandaar opruk, aan te val, sodat die kommando's in die rigting van Thaba N'chu die hande vry het om met die vyand af te reken".

Die besetting van Thaba N'chu deur die vyand was reeds 'n tyd lank bekend en 'n gedeelte van die verkennerskorps van Theron — 'n afdeling wat ná die besetting van Bloemfontein in stand en baie bedrywig gebly het — is in dié rigting uitgestuur om noukeuriger gegewens te verkry.

Op 28 Maart om 7 uur die aand het twee kommando's van generaal De Wet gedefileer en Brandfort verlaat; een was 2 600 man sterk en had enkele kanonne; onder generaal Smuts[2] het dit in die rigting van Bloemfontein getrek; die ander was 1 500 man sterk, had 5 Kruppkanonne van 7,5 sentimeter met swart buskruit, een snelvuurkanon van 3,7 sentimeter (Krupp) en een Maxim-Nordenfeld van 3,7 sentimeter; dit het onder bevel van gene-

raal De Wet gestaan en hom aanvanklik in die rigting van Winburg en later na die suide gewend.

Die kêrels was in 'n baie opgewekte stemming en die perde in goeie toestand; baie burgers het bowendien 'n reserweperd saamgeneem.

Hoewel die saamneem van waens verbied was volgens die besluit van die Krygsraad in Kroonstad op 17 Maart (1900) was daar tog — afgesien van enkele voertuie met munisie en springstof en 'n waentjie waarop die heliograaf, 'n skuiltentjie, skryfbehoeftes ensovoorts van generaal De Wet — enkele groot voertuie in die kolonne; hulle is egter die volgende dag verwyder.[3]

Die uitvoering van die aanmars het in hierdie eerste nag nogal te wense oorgelaat; een kommando het vooruit beweeg, by die ander het ietwat verwarring geheers; 'n enkele maal is 'n verkeerde pad gevolg en die vordering was maar matig; om middernag is die mars gestaak by Martinus Grobler se plaas, ruim halfpad Brandfort en Klipplaasdrif; een kommando het egter van die ander geskeie geraak en deurgemarsjeer tot dig by die genoemde drif.

Die volgende dag het ons van die generaal verneem dat hy nog wag op berigte van die verkenners in die omgewing van Thaba N'chu en dat hy eers ná ontvangs daarvan noukeurig sou kon aandui op watter wyse hy sy voorneme sou uitvoer; nou kon hy volgens sy mededeling nog nie vir homself beslis of hy na Thaba N'chu sou gaan, hom teen die waterleiding sou rig of nog meer na die kant van Bloemfontein aanhou.

Die middag om 6 uur is die mars voortgesit tot die dorp Vrede,[1a] 1 tot 2 kilometer ten suide van die Osspruit; daar het nou meer orde en reël geheers, maar die beweging is reeds om 10 uur (nm.) gestaak. Ook op die volgende dag het nog geen nader berigte betreffende die vyand gekom nie. Wel is reeds vroeg deur middel van die heliograaf die tyding ontvang dat generaal Smuts by Karree Siding in aanraking met die vyand gekom het, daar 'n taamlik hewige geveg gelewer het en aan die oorspronklike opdrag nie kon voldoen nie. Dit was egter vir generaal De Wet geen aanleiding om sy eenmaal opgevatte voorneme te laat vaar nie.

Op 30 Maart (1900) die aand om 6 uur is die beweging dan ook voortgesit in die rigting van Papfontein, maar voor hierdie kruispunt van paaie bereik is, het die lank verwagte en baie belangrike berigte gekom. Een van die Duitse verkenners[4] het gemeld dat die 2 000 tot 3 000 man sterk besetting van Thaba N'chu in hoë mate sorgloos was, sodanig dat die Boereverkenners geleentheid had om in die dorp self te vertoef en hul waarnemings te doen. Verder het hy meegedeel dat op die dag (30 Maart) 'n groot wakolonne met 'n beskerming van ongeveer 300 ruiters van Thaba N'chu in die rigting van die waterleiding vertrek het waar nog altyd 'n afdeling van 300 tot 400 man was. Dit is nie onmoontlik dat hierdie verkenner vir generaal De Wet mededelings verstrek het insake die planne van Olivier se kommando's wat op dieselfde dag die kolonne van Broadwood te Thaba N'chu aangeval het, maar aan ons het dit nie bekend geword nie.

Uit die opgaaf van die uur van afmars van die wakolonne het generaal De Wet opgemaak dat hy dit nog kon verhinder om na Bloemfontein te ontsnap. Sy besluit was spoedig geneem; hy sou hom tegelykertyd van die wakolonne meester maak en die besetting van die waterleiding oorrompel; aanvanklik sy mag tot dig by Sannaspost verenig hou en eers daar 'n afdeling aanwys om die kolonne van die vyand op te vang of op te soek.

Die mars is verder met groot stiptheid en orde uitgevoer en 'n taamlik streng marsdissipline is gehandhaaf; selfs rook en praat is verbied, 'n verbod wat werklik opgevolg is; die tempo was die kommandopas. Generaal De Wet het self met die kommandante op kort afstand voor die hoof van die kolonne gemarsjeer. By die nadering van die Modderrivier is van tyd tot tyd halt gehou en die omgewing deur enkele verkenners noukeurig verken.

Omstreeks 3 uur v.m. op 31 Maart het die kolonne die Modderrivier by Strachansdrif bereik, terwyl kort te vore sekerheid verkry was dat die vyand se voertuie by die waterleiding aangekom het. 1 100 man met die geskut, waarby veggeneraal Froneman, het nou opdrag ontvang om teenoor die oossy van die vyandelike kamp stelling in te neem en dit by dagbreek aan te val; generaal De Wet self het met 400 man op 'n afstand van on-

geveer 3 km langs die noordsy van die vyandelike kamp omsigtig na Klipkraal gemarsjeer, nadat hy eers nog enkele inligtings op 'n plaas ten weste van Strachansdrif ingewin het, dit het egter niks nuuts opgelewer nie.

Omstreeks 4 uur vm. het die afdeling die Koornspruit by Klipkraal, 'n klein dorp, bereik. Nadat die bevelhebber sy burgers 'n stelling in die spruit aangewys het, het hy hom by die bewoners van Klipkraal op die hoogte van die daaglikse besighede van die Engelse afdeling by die waterleiding gestel; dié besighede het blykbaar in veldoefeninge bestaan waarby die vernaamste strewe die nabootsing van die Boere se vegwyse was. Die mededeling dat daar 'n daaglikse patrollieverkeer tussen Bloemfontein en die waterleiding bestaan, het hom genoodsaak om enkele manskappe aan te wys om die moontlike nadering van 'n patrollie uit westelike rigting te belet.

## Die slagveld

Terwyl die streek ten ooste van die Modderrivier teenoor Sannaspost uitgesproke bergagtig is en daar ook op die westelike oewer nog 'n ry koppies oprys, is die terrein tussen Sannaspost en die Koornspruit amper volkome gelyk en vir troepebewegings baie geskik. Die genoemde stroompie self is taamlik diep ingesny, die watervlak lê ongeveer 4 meter onder die vlak van die veld; die oewers is steil en hoewel die water se diepte in die droë tyd slegs 30 tot 40 cm is kan die Koornspruit met sy gemiddeld 2 meter breë bedding tog vir troepe 'n aansienlike hindernis genoem word, behalwe by die driwwe.

Op die plek waar die Boere stelling ingeneem het — aan weerskante van die drif by Klipkraal — loop die terrein langs die westelike oewer en na die weste oor 'n afstand van 300 meter stadig op, om daarna weer 'n bietjie te daal, sodat 'n veldplooi gevorm word, waarvan die kruin ongeveer 10 meter hoër is as die gelykte tussen die spruit en Sannaspost. Van hierdie plek lei 'n breë grondpad via die drif by Klipkraal na die groot pad na Bloemfontein. Slegs omstreeks 200 meter ten suide van die drif by Klipkraal het enkele lae, wydvertakte bome gestaan; origens was die terrein so ver die blik reik geheel oop.

Generaal De Wet het nou sy afdeling soos volg opgestel: die manskappe tot op 175 tot 200 meter aan weerskante van die drif in lêende houding op die oewer aan die vyand se kant; die perde onmiddellik daaragter in die bedding van die spruit. Die bevelhebber het hom voor sy persoon in die drif bevind.[5] die enigste order wat hy gegee het, was dat niemand hom mag vertoon nie en dat die vuur geopen sou word wanneer hy daartoe deur die skiet van die eerste skoot die teken sou gee. Verder het hy daaraan nog die waarskuwing toegevoeg dat niemand hom sonder noodsaak moes blootstel nie.

By dagbreek is 'n trop vee by Klipkraal aangetref en op die terrein onmiddellik voor die stelling gedryf om daar te wei terwyl ieder rustig afwag. Die wagtyd het egter langer geduur as wat ons gedink het; om half ses was dit reeds helder dag, maar van die Boere wat die Engelse troepemag vanaf die oossy sou bestook is niks gewaar nie. Eers om ruim 6 uur vm. het hulle 'n lewendige geweervuur geopen, terwyl nog 'n tien minute later ook die geskut gehoor is.

Voordat ek die komende gebeurtenisse beskryf, 'n enkel woord oor die toestand aan Engelse kant. Blykens die offisiële verslag van brigadegeneraal Broadwood aan lord Roberts was daar op 30 Maart (1900) te Thaba N'chu 'n troepemag bestaande uit die volgende afdelings: 800 man berede infanterie, die 10de regiment husare (160 sabels), die Household Cavalry (160 sabels), die "U" en "Q" batterye Rydende Artillerie (die verslag vermeld nie die sterkte nie maar dit kan ruim 300 man gewees het). Verder was te Sannaspost volgens die verslag van generaal Broadwood twee kompanjieë berede infanterie gedetasjeer; volgens die verslag van luitenant-kolonel Pilcher, kommandant van die derde korps berede infanterie, was dit drie kompanjieë met n gesamentlike sterkte van 300 tot 400 man.

Op 30 Maart om 11 uur vm. het die brigadekommandant berig van sy voorposte ontvang dat 'n aansienlike Boeremag uit die rigting van Ladybrand vinnig na Thaba N'chu opruk waarom hy 'n eskadron ruitery en 300 man berede infanterie ter versterking van die voorposte gestuur het. Kort daarna het hy van Naturelle verneem dat ook vanuit die noorde gevaar dreig, rede waarom hy na dié kant drie eskadrons stelling laat inneem het. Hy het so bedreig gevoel dat hy na Bloemfontein gesein het dat hy na die waterleiding

sou terug trek indien die Naturelleberig juis blyk te wees, omdat hy daar in oop terrein sou kom en op ondersteuning uit Bloemfontein kon reken. Verder rapporteer generaal Broadwood dat hy die bevelvoerende offisier by die waterleiding opgedra het om spesiaal in noordelike rigting te laat verken.

Intussen is sy troepe om 3 uur nm. omstreeks 6 myl ten ooste van Thaba N'chu aangeval en is die brigadekommandant genoodsaak om sy troepe onder dekking van 'n berede infanterie-afdeling na Israel's Poort te send; later egter het hy beveel om hierdie plek verby te gaan en deur te marsjeer tot die waterleiding wat om 11 uur die aand bereik is.

Luitenant-kolonel Pilcher, kommandant van die eskort, het na sy aankoms daar blykens sy verslag alleen maatreëls geneem tot onmiddellike beveiliging van sy laer (vyf wagte op 500 jaart van die laer aan die kant van die Modderrivier en 'n klein pos by die drif wat hy gepasseer het) omdat hy geen besondere orders ontvang het nie, die donkerte bowendien nie toegelaat het om ander maatreëls te neem nie en die troepe by die waterleiding aanwesig waarskynlik reeds vir beveiliging aan die westekant gesorg het.

By die inval van die duisternis is die geveg by Thaba N'chu gestaak en om 9 uur nm. het generaal Broadwood ná kennisgewing aan die hoofkwartier te Bloemfontein, met sy hele mag na Sannaspost teruggetrek. Dié plek is om half vier in die môre bereik (afstand van die gevegsterrein by Sannaspost ongeveer 10 km) — sodat hy ongeveer op dieselfde tyd as generaal De Wet die Modderrivier oorgesteek moet hê.

Dit was aan die Boere-aanvoerder dan ook bekend dat nog vyandelike afdelings van Thaba N'chu te Sannaspost aankom toe hy hom voor Strachansdrif bevind, maar uit sy mededeling hieroor kan ek slegs opmaak dat hy veronderstel het dat dit nog dele van die wakolonne was; uit ander van sy opmerkings het intussen geblyk dat hy dit tog moontlik geag het dat hy die hele brigade van Broadwood teenoor hom sou kry. In elk geval toe die Boere wat hulle oostelik van die Engelse laer opgestel het, die vuur open, het spoedig geblyk dat generaal De Wet geen klein afdeling maar 'n troepemag teenoor hom had wat op 2 000 tot 3 000 man geskat is, maar wat later geblyk het 1 800 ruiters en 12 vuurmonde sterk te wees.

**Die geveg**


Nadat generaal Froneman die geweervuur geopen het, het ons gesien dat in die Engelse kamp die waens ingespan is en kort daarna afgemarsjeer het in die rigting van die hinderlaag in die Koornspruit.

Verder is veel beweging waargeneem onder die vyandelike troepe wat die tente neergehaal het en hulle vir 'n groot deel aan die suidsy van die laer versamel het. Tereg sal 'n mens verbaas wees oor die feit dat dit alles op 'n afstand van meer as 3 km sigbaar was; dit mag as illustrasie geld van die bekende waarheid dat 'n mens in Suid-Afrika danksy die verbasend heldere atmosfeer so baie verder kan sien as in ons land.

Ook ná die opening van die geskutvuur deur die Boere het die vyandelike troepemag nog 'n tydjie op sy plek gebly, vermoedelik omdat hy nog nie gereed was nie en so min moontlik van sy uitrusting ensovoorts in die steek wou laat; maar ten slotte het daar blykbaar verwarring ontstaan; sommige afdelings het na die noorde beweeg, ander na die suide, dog hulle het grotendeels teruggekeer om hulle aan te sluit by die hoofmag wat intussen allesbehalwe ordelik dieselfde pad ingeslaan het wat die wakolonne gevolg het.

Volgens generaal Broadwood se verslag het 'n uitgestuurde patrollie kort ná dagbreek berig dat die terrein ten noorde van die laer veilig was, maar dat hy beskiet is vanaf die koppies ten ooste van die Modderrivier; onmiddellik ná ontvangs van hierdie berig is die vuur op die laer geopen; die Boere-artillerie se vuur kon deur die rydende batterye nie beantwoord word nie, omdat die afstand te groot was. Verder vermeld generaal Broadwood dat hy berig gekry het dat 300 Boere gesien is op die noordelike oewer van die Modderrivier wat beweeg het in die rigting van Boesmanskop,[6] waar die afdeling berede infanterie gestasioneer was. Moontlik is met die genoemde 300 Boere, De Wet se afdeling bedoel.

Watter maatreëls generaal Broadwood geneem het blyk uit die bevele wat in dié verslag vermeld is; hulle kom neer op die volgende: "Die gehele mag trek hom dadelik




Sketstekening van die geveg by Sannaspost op 31 Maart 1900 by die artikel van luitenant C. J. Asselbergs, "Het gevecht bij Sanna's-Post" in die Militaire Gids van Februarie 1904

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 5, Nr 2, 1975. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

sóver in westelike rigting terug dat hy buite bereik van die geskutvuur kom; die regiment berede infanterie 'Roberts Horse' en die 'U'-battery begewe hulle na Boesmanskop waarheen die hele mag sal terugtrek; een regiment berede infanterie word as agterhoede aangewys; 'n kompanjie berede infanterie begee hom na die kant van Watervaldrift om 'n patrollie te versterk wat daarheen gestuur is."

Dit wat ons vanuit die Koornspruit waargeneem het, is vrywel in ooreenstemming met hierdie bevele. Van 'n dekking van die wakolonne word daarin niks vermeld nie hoewel generaal Broadwood dit in sy verslag laat voorkom of die afdeling wat na Boesmanskop gestuur is met die sorg vir die veiligheid van die tros belas was; hy doen dit in die volgende woorde:

"The regiment of mounted infantry (Roberts' Horse) ordered to Boesmanskop and the battery ('U' battery Royal Horse Artillery) moved off on opposite sides of the baggage column which was clearing rapidly out of the shell fire, and before they had cleared the column came on to a deep spruit . . ."

Omstreeks 7 uur vm. het enkele tweewielige voertuie, waarin offisiersbagasie en enkele niemilitêre, die drif bereik; hulle het van die burgers order ontvang om deur te ry en hulle in die nabyheid van Klipkraal op te stel onder bewaking van enkele burgers, die eintlike wakolonne het tien minute of miskien 'n kwartier later aangekom; met die eerste waens is op dieselfde wyse as met die genoemde tweewielvoertuie gehandel, maar spoedig het daar 'n opstopping ontstaan en die hele konvooi van 'n honderd groot voertuie het hulle ten ooste van die drif oor 'n diepte van 400 tot 500 meter opgehoop.

Op hierdie tydstip van die opstopping was die regiment Roberts' Horse nog ten minste een km van die Koornspruit verwyder; dit het in 'n geheel verenig en in geslote gelid op die linkerflank van die wakolonne gemarsjeer; geen enkele verkenningsafdeling is uitgestuur nie, altans vir sover ons kon waarneem; die rydende battery 'U' het in dieselfde hoogte gemarsjeer maar aan die ander kant van die pad.

Die berede infanterie het skynbaar in die "halt hou" van die wakolonne voor die drif geen aanleiding gevind om besondere maatreëls te neem of te ondersoek wat die oorsaak van die opstopping was nie; altans het hy in geslote gelid — stapvoets gemoedelik in dieselfde rigting voortgemarsjeer. Eers toe hy op 200 meter van die drif genader het en die personeel van die wakolonne hom reeds lank meegedeel moes het dat die Koornspruit deur die Boere beset was, is enkele patrollies na die drif gestuur; hulle kon egter geen verslag van hul bevinding uitbring nie omdat hulle gevang is sonder dat 'n skoot gelos is; die berede infanterie-afdeling self was intussen tot ongeveer 100 meter van die spruit genader.

Dit is my uit die aard van die saak nie bekend wat die mense aan die Engelse kant op dié oomblik geweet, gedink of vermoed het nie, maar daar het in elk geval 'n toestand ingetree wat inderdaad uniek genoem mag word en wat hom nie dikwels in 'n oorlog sal voordoen nie.


Die regiment Roberts' Horse het halt gehou, afgestyg en op nog geen 100 meter van die hinderlaag letterlik op die plek rus gemaak terwyl die orige troepe daaragter begin opmarsjeer het; hulle het hulle binne die gestippelde ruimte op die sketskaart bevind, die juiste plek kan nie noukeurig aangedui word nie. Die 'U'-battery het hom, soos ek beoordeel vanaf my plek van opstelling, op die skets ietwat links van die dig in mekaar gedronge wakolonne, dus op 400 tot 500 meter van die spruit bevind.

Dit is onaanneemlik dat dit op dié oomblik vir die Engelse nog 'n geheim was dat hulle voor 'n Boerestelling staan; daar was dan ook nie die minste verandering waar te neem nie toe enkele oomblikke later die Boere orent spring en die teenoor hulle staande afdelings toeroep: "hands up!".

Hoewel generaal De Wet 'n groot oormag teenoor hom sien, het hy die voordeel van die verrassing geheel prysgegee; waarom hy dit gedoen het, sal blyk uit die volgende:

Toe die bogesketste vreemde toestand ingetree het, kom daar weer enkele patrollies en behalwe hulle 'n kaptein van die artillerie, vermoedelik behorende tot die 'U'-battery, na die drif. Hierdie kaptein is persoonlik deur generaal De Wet gevange geneem, wat hom ongeveer die volgende gesê het: "U het in die val geloop; soos u sien is ek hier met my kommando's in 'n goeie stelling en u sal

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 5, Nr 2, 1975. http://scientiamilitaria.journals.ac.za



**DIE SLAGVELD BY SANNASPOST. Die bostaande tekening is ontleen aan** The Graphic History of the South African War (Londen, 1900, p 85). **Hierdie werk is deur Wentworth Huyshe saamgestel uit die Londense tydskrif** The Graphic. **Die tekening beeld die geveg by Sannaspost uit. Op die voorgrond is die diep bedding van die Koornspruit van waaruit Christiaan de Wet se burgers op die Britte vuur. Van regs af het 'n lang Britse kolonne van waens en ruiters die Koornspruit genader. Die kolonne het hom opgehoop op die oewer en in groot verwarring geraak onder die Boere se geweervuur. Hier en daar wys rookwolke op vurende Britse geskut. Op die agtergrond is die Britse kamp waaruit rookwolke van brandende waens en tente**

**Die Engelse onderskrif lui:** "The distaster at Sanna's Post: The donga where the British were ambuscaded: **— A small column, under Colonel Broadwood, which had occupied the Bloemfontein Waterworks, east of the town, had to fall back before an advancing body of the enemy. While crossing the Koorn Spruit it fell into an ambush prepared there the night before, and a desperate battle ensued, which resulted in heavy loss to the British column. The gallantry of the artillery, which covered the retirement of such of Broadwood's force as had not entered the spruit, averted the annihilation of the entire column."**

met my saamstem dat wanneer ek enkele minute gelede die vuur plotseling sou geopen het, daar van die Engelse troepe min oorgebly sou het (dit was die oomblik waarop die Boere opgestaan het). Ek hou egter nie van nodelose bloedvergieting nie en daarom versoek ek u om terug te keer na die bevelhebber van die troepe teenoor my om hom my eis mee te deel dat hy die wapens moet neerlê."

Die kaptein het teruggekeer, maar nie na generaal Broadwood gegaan nie, hy het reguit na die troepe gery, iets geroep en gewink waarna ons sien dat 'n deel van die ruiters die wapens neergegooi en met opgehewe hande na die drif geloop het, terwyl die origes omgedraai en hulle in galop verwyder h t. Op dieselfde oomblik het De Wet die vuur laat open. Dit is met groot kalmte gedoen en gerig op die wegtrekkende vyandelike troepe waarby veral die 'U'-battery dit moes ontgeld; hy moes 5 kanonne agterlaat omdat die trekdiere neergeskiet was en die grootste deel van die personeel het na die drif geloop om hulle oor te gee.

Die eerste skoot het intussen iets vroeër geval; ongeveer tegelyk met die artilleriekaptein het 'n offisier van die berede infanterie voor die drif verskyn. Hy is deur Scheepers, die adjudant van generaal De Wet, gesommeer om die wapens neer te lê en om oor te gee. As antwoord het die Engelsman sy sabel getrek wat hom onmiddellik deur die Afrikaner ontwring en in die gesig geslinger is. Tevergeefs het hy daarna gepoog om sy Lee-Metford geweer te gebruik, voordat hy die wapen van sy rug geneem het, het Scheepers hom doodgeskiet.[7]

Die Engelse troepemag het hom nou bepaal tot die soek na 'n goeie heenkome, met agterlating van die wakolonne ewenas die vyf stukke geskut op die plek waar hulle was; dit was onwaarskynlik dat die wakolonne sou probeer om terug te keer, maar die lus daartoe is ten oorvloede nog weggeneem deurdat by die open van die vuur uit enkele bespannings een dier neergeskiet is.

Die Britse troepe se terugtog was soos 'n mens kan begryp, allesbehalwe ordelik en het in die rigting van die waterleiding gegaan, wat hulle egter nie te dig kon nader nie, wou hulle nie opnuut onder vuur van die kommando's kom wat hulle vandaar verja het.

Die "Q"-battery was op die oomblik waarop die vuur vanuit die hinderlaag geopen is, nog een kilometer van die Koornspruit verwyderd. Hy het op 1 000 tot 1 500 meter van dié spruit stelling geneem en sy vuur op die hoër geleë terrein ten weste van die Boere se linkervleuel geopen waar niemand hom bevind het nie, behalwe drie militêre attachees onder wie ook wyle ons kollega Nix. Reeds die tweede en derde projektiel het in die hoogte se kruin ingeslaan; een van die eerste daaropvolgende granaatkartetse het op ongeveer 'n halwe meter bo Nix se kop ontplof en hy is ernstig gewond.

'n Mens sou kon sê dat die Engelse ná al die gebeurde tog wel kon weet waar die Boere was, maar dit was onbegryplikerwys blykbaar nie die geval nie. Voordat ek die verdere verloop van die gebeurtenisse by die Koornspruit skets, mag hier nog vermeld word dat op dieselfde tyd as die aankoms van die wakolonne ons 'n berede afdeling ter sterkte van 'n kompanjie in galop die waterleiding in noordelike rigting sien verlaat onder hewige geskutvuur van die Boere; dit was blykbaar die kompanjie berede infanterie deur generaal Broadwood na Watervaldrift gestuur. Van die regiment berede infanterie deur hom as agterhoede afgesonderd, het ons niks gemerk nie; ons het slegs opgemerk dat die Boere se vuur ten ooste van Sannaspost nie gestaak is nie en daaruit kon ons aflei dat daar nog Engelse troepe moes wees.

Tot 'n aanval op die agterhoede het Froneman intussen nie oorgegaan nie. Sou hy dit gedoen het dan sou dit hom geluk het om die waterleiding tydig te beset en dan sou die Engelse sekerlik nie so maklik ontkom het soos nou die geval was nie.
Onder beskerming van die vuur van die "Q"-battery teenoor die Koornspruit en van die regiment berede infanterie teenoor die Boere wat ten ooste van die waterleiding opgestel was, kon die orige troepe nadat hulle min of meer versamel was, na die suide uitwyk en so het dit ook geskied.

Agtereenvolgens het afdelings wat hulle tussen die vurende battery en die waterleiding bevind, eers enkele kilometers suidwaarts en later na die weste getrek, dus in 'n groot boog om die Boere se regtervleuel heen.

Hierdie beweging het op ons die indruk van 'n vlug sonder meer gemaak; uit generaal Broadwood se verslag blyk egter dat dit nie

die geval was nie, altans nie die bedoeling was nie: ". . . This spruit was occupied by about 600 of the enemy, who seized five guns of the battery and the convoy and opened a heavy fire on Roberts' Horse and on the main body of cavalry which was following; these retired out of fire. "Q" battery owing to its losses in the retirement was compelled to come into action within 1 200 yards of the Spruit and the Durban Light Infantry Company of Mounted Infantry which was acting as right flank guard to the retirement, promptly occupied a position on the right and left flank of the battery; this checked any intention the enemy had of advancing from the spruit. I had remained with the rearguard, thinking it the most threatened point. Proceeding to the scene of the disaster, I found that the enemy were extending up the spruit and over the ridge west of it.

I ordered the Household Cavalry Regiment to occupy a point higher up the spruit and to work down it, one company Mounted Infantry to work along the ridge on the Household Cavalry's left, and the 10th Hussars to swing round the left of this Company and operate against the rear of the enemy in the spruit. As soon as the movement was underway, I relieved the Household Cavalry by two companies of the Burma Mounted Infantry and ordered the former to join in the movement of the 10th Hussars.

I did not consider it possible for major Hornby to move his battery under the heavy fire but ordered him to retire as soon as the turning movement should have had the effect of checking this fire and to then move round the pivot formed by the Mounted Infantry in the spruit, on Boesman's Kop.

I ordered Lieutenant-Colonel Alderson with the remainder of his brigade to hold the enemy who were pressing vigorously across the river, sufficiently long to cover the retirement of the battery and to follow its retirement. The whole of the operation was carried out with perfect steadiness by all concerned, the action of "Q" battery, the Company of Durham Light Infantry and of Lieutenant-Colonel Pilcher's regiment of Mounted Infantry being specially worthy of notice. By 11,25 a.m. the force was clear, with the loss of seven guns, and of the whole of the convoy, two guns of the "Q" battery having to be abandoned owing to the loss of horses."

Uit die bo-aangehaalde sien 'n mens wat die bestemming van die omtrekkende afdeling was; die bedreiging wat dié beweging inhou, het egter nie tot sy volle reg gekom nie; dit het slegs ten gevolge gehad dat generaal De Wet toe hy die beweging sien, kommandant Nel met 40 man in suidwestelike rigting gestuur het om dié troepe te keer indien hulle hulle moontlik teen sy rug en regterflank sou rig. Sover het dit egter nie gekom nie. Die vuur van die "Q"-battery op die hoë terrein ten weste van die Koornspruit gerig is ná ongeveer 'n half uur gestaak en vervolgens gerig op die Boerestellings se regtervleuel. De granaatkartetse het skynbaar goed ontplof; ons hoor die koeëltjies met baie geraas teen die weinige houtgewas slaan, wat hier op die spruit se westelike oewer groei, maar dit had geen uitwerking op die burgers wat hulle hier bevind en wat min moeite doen om hulle te dek nie.

Vervolgens is granaatkartetse verspil teen die Engelse perde wat deur die Boere gevang is en wat by die drif op die Koornspruit se oostelike oewer (op punt **a** van die sketskaart) opgestel was; ook op hierdie doelwit was die uitwerking niks nie. Herhaaldelik het koeëltjies op die saals geslaan en indien ons ons nie vergis het enkele perde ook baie ligte huidverwondings ontvang nie, maar daarby het dit gebly. Tenslotte is die vuur verdeel; sowel die regtervleuel van die stelling as die versamelde perde moes dit ontgeld terwyl ook die meerbedoelde hoë terrein wederom 'n beurt gekry het.

Van infanterievuur het ons intussen min, baie min bemerk. By die afgee van die eerste skote het 'n aantal perde van die Boere wat onbewaak in die spruit se bedding staan, hul plek verlaat en in westelike rigting verdwyn; ook ons perde het hulle by dié beweging aangesluit.

Enkele burgers is uitgestuur om die diere terug te haal, wat 'n paar honderd meter agter die linkervleuel van die Boerestelling by punt **b** versamel is. Toe ek my omstreeks 10 uur vm. daarheen begeef het om my perd te haal, het ek agtergekom dat die kompanjie berede infanterie, soos vroeër vermeld is, hom van die waterleiding in die rigting van Waterval begeef het en onverpoosd aan die skiet op die versamelde perde was maar sonder sukses.



**REGSOMKEER VAN BRITSE GESKUT BY SANNASPOST.** **Die bo-staande tekening is ontleen aan** The Graphic History of the South African War (Londen, 1900, p 85). **Hierdie werk is deur Wentworth Huyshe saamgestel uit die Londense tydskrif** The Graphic. **Die tekening beeld uit dat die rydende battery Q regsomkeer maak om nie in die Koornspruit te val nie. Die Engelse onderskrif lui:** "The disaster at Sanna's Post, March 31 (1900): Wheeling about the guns. — **When the alarm was given, and it was realised that the Koorn Spruit into which Broadwood's column was advancing was a death trap, the guns of the artillery batteries which had not already been captured were wheeled about and galloped to a position in the rear, from which they maintained, under a heavy fire, a continuous bombardment of the Boer position in the spruit, and this covered the retirement of the remains of the column."**

**Aan die Boere se kant was 'n Duitser uit die VSA, Otto von Lossberg, batterychef. In sy boek** Mit Santa Barbara in Südafrika (Leipzig, 1903, p 49) **het hy die volgende ironiese kommentaar op die tekeninge in** The Graphic **en die bo-aangehaalde onderskrifte gepubliseer: "Lees 'n mens Engelse berigte oor die veldslag (by Sannaspost) dan lyk dit amper asof die Engelse artillerie een van sy grootste dae van roem beleef het en besonderlik wanneer 'n mens die afbeeldinge in die** Graphic **en in ander tydskrifte sien moet 'n mens wonder oor die liggelowigheid van die Britse publiek wat so dwase voorstellinge en sulke onbeskaamde verdraaiing van die waarheid vir klinkende munt aanvaar het. Die simpele feit dat 'n oneweredig groot aantal artilleriste en ook artillerie-offisiere sonder letsel in ons hande geval het, weerlê met die grootste stelligheid die bewering dat Sannaspost 'n dag van roem vir die Engelse artillerie was." Op p 52 skryf hy dat die battery Q slegs weinig skote geskiet het en ...n 10 uur vm deur drie battery uit Bloemfontein versterk is.**

Ruim twee uur het verby gegaan ná die eerste botsing by die Koornspruit; gedurende dié tyd het slegs enkele Boere van tyd tot tyd op die Engelse battery geskiet; die orige troepe het, soos ons gesien het, buite vuurbereik gekom. Eers toe die vyandelike geskut hom gereed maak om sy stelling te verlaat en die beweging om die regtervleuel van die Boere se hinderlaagstelling te volg, het 'n groep Boere die oog gevestig op die stellings wat tot nog toe verdek opgestel was — vermoedelik agter die loodse in die nabyheid van die battery. Sodra hulle te voorskyn kom is hulle onder vuur geneem — visier 1 500 jaarts — met die gevolg dat twee stukke van die "Q"-battery weens gebrek aan trekdiere agtergelaat moes word. Kort nadat die battery hom in beweging gestel het, het ook die berede infanterie wat nog steeds in die buurt van die waterleiding was, in suidelike rigting teruggetrek om hom later na die weste te wend en ewenas die orige troepe die grootpad na Bloemfontein te bereik.

Eers nou het gedeeltes van Froneman se kommando's hul stellinge verlaat; generaal De Wet vermeld in sy boek,[8] as rede vir hierdie laat optrede moeilikhede om die Modderrivier oor te steek; ek kan slegs vermeld wat ek waargeneem het. Hulle het die Engelse agtervolg, dit wil sê hulle tot op geweerskootafstand agterna gery, afgeklim en gevuur, daarna weer in die saal gespring om op dieselfde wyse voort te gaan.

## Die naspel

Tussen 10 en 11 vm. het hier en daar nog enkele skote geval maar die geveg was tog in hoofsaak afgeloop. Met groot snelheid is die verowerde waens en die geskut aangespan en ewenas die gevangenes weggevoer oor die Modderrivier. Generaal De Wet het intussen berig gekry dat Engelse versterkinge vanuit die rigting Boesmanskop in aantog was; reeds voor die einde van die geveg het hy dan ook twee Krupp-kanons van 7,5 sentimeter van die Modderrivier ontbied; hulle het ná die middaguur te Klipkraal verskyn om moontlik oprukkende vyandelike afdelings onder vuur te neem. Hierdie kanonne het smiddags vyf skote gelos, maar ek had geen geleentheid meer om my omtrent die doelwit van die skote te vergewis nie. Omdat geen geneeskundige personeel beskikbaar was nie is naamlik al my aandag opgeëis vir maatreëls tot verpleging van ons kollega Nix wat nie vervoer kon word nie.

Generaal De Wet het nog tot ongeveer 3 uur nm. met 'n klein aantal Boere te Klipkraal gebly om sy verslag heliografies te laat oorbring.

Van die Engelse wat hulle tussen dié plek en Boesmanskop bevind het, is egter niks meer bespeur nie. Ek is dan ook getref deur die mededeling in generaal Broadwood se verslag wat volg op die bo-aangehaalde:

"Lieutenant-Colonel Martyr's Brigade of Mounted Infantry had meanwhile arrived at Boesmans Kop (from Bloemfontein), one regiment, Lieutenant-Colonel Henry's, had moved on Waterval-drift, where it extricated the Company of Mounted Infantry which had been pushed out in that direction earlier in the day. Another Regiment Major Dobell's I ordered forward on to the ridge west of the spruit to see what possibility there was of recovering any of the lost guns or convoy. He came under a heavy fire and reported that the enemy in the spruit had been reinforced to some 1 500 rifles."

Die uitvoering van hierdie orders was in elk geval sodanig dat generaal De Wet daarvan niks meer bemerk het nie; behalwe dat daar op 'n groot afstand ten weste van Klipkraal Engelse afdelings was. Dat een van die afdelings onder hewige vuur gekom het, is beslis onjuis, tensy daarmee die vyf kanonskote bedoel is wat in die namiddag deur die Boeregeskut gelos is. Majoor Dobell se verslag dat die Boere by die Koornspruit tot 1 500 man versterk is, moet op onjuiste waarneming berus; hul sterkte was tot die einde van die geveg 400 man, daarna het die grootste deel met die buitgemaakte waens ensovoorts in die rigting van die waterleiding getrek.

Daar bly nog oor om te vermeld dat kort ná afloop van die geveg generaal Olivier met 3 000 man van Thaba N'chu komende by Sannaspost verskyn het.

## Nabeskouing

Die verowering van die hele konvooi en sewe stukke geskut van die vyande mag vir generaal De Wet 'n groot sukses heet, veral daarom van so veel belang omdat dit ná die voorafgaande weke van ontmoediging die burgers se stemming verbeter het. Tog was die behaalde voordeel baie minder as wat dit kon gewees het.

Die amptelike verlieslys van die Engelse vermeld 15 gedood, onder wie 3 offisiere, 123 ge-

wondes, waarvan 15 offisiere, en 430 gevangenes waarvan 17 offisiere; elders vind ons opgawe van 19 gedood, onder wie 3 offisiere, 137 gewondes, van wie 16 offisiere, en 425 gevangenes. Hoewel die totale verliessyfer van ongeveer 570 man nie onaansienlik is nie, bly dit tog ver onder wat dit sou kon gewees het. Dit ly vir my geen twyfel dat wanneer veggeneraal Froneman hom ná die terugtrek van die hoofmag meester van die waterleiding gemaak en van daaruit verder aangeval sou het en indien generaal De Wet die voordeel van die verrassing nie grotendeels prysgegee het nie, nagenoeg die hele brigade van Broadwood hom sou moes oorgegee het. En ook sonder 'n dusdanige optrede van Froneman sou die Engelse verliese aanmerklik groter gewees het indien generaal De Wet aan die troepe wat op 100 meter voor hom gestaan het, die geleentheid sou gegee het om eens oor die toestand na te dink.

Dit kom my voor dat ook hier ewenas so dikwels in hierdie oorlog die beantwoording van die vraag: Behou ons die simpatie van Europa? aan dié generaal se handelwyse nie geheel vreemd was nie. Ná afloop van die geveg het die Boerebevelhebber gepraat oor die artilleriekaptein wat hy teruggestuur het om generaal Broadwood uit te nooi om die wapens neer te lê, en my gesê:

"Dié kaptein is 'n brawe flinke kêrel en ek 'n groot domoor om edelmoedigheid te betoon toe ek moes geskiet het"; generaal De Wet het hiermee vrywel te kenne gegee dat die resultaat van die geveg groter gewees kon het indien hy anders gehandel sou het.

Generaal Broadwood skryf die feit dat sy brigade nog betreklik goed weggekom het, aan ander oorsake toe en verklaar:

"That the reverse was not more serious is, in a great measure, due to the skilful handling of his brigade during the 31st (March) by Lieutenant-Colonel Alderson. Conspicious gallantry was shown by the whole of "Q" battery Royal Horse Artillery and by the following officers . . ."

Ek wens die verdienste van die genoemde troepe en spesiaal van die "Q"-battery nie te verklein nie, maar op te merk dat hul optrede niks afdoen aan generaal De Wet se handelwyse op die kritiekste oomblik en dat wat "the skilful handling" van die brigade Alderson betref dit vir 'n groot deel op rekening kom van die kommando's onder Froneman; hulle sou die afdeling Alderson gemaklik terug kon gewerp het indien hulle die Modderrivier spoediger oorgesteek het.

Die Boere het in totaal 3 gedood en 12 gewondes verloor waarvan 2 gedood en een gewonde by die Koornspruit. Die twee burgers wat hier gesneuwel het, had dit nog vir 'n groot deel aan onversigtigheid te danke; hulle het hulle 'n eindwegs langs die wakolonne voor die Koornspruit uit begeef om enkele Engelse gevange te neem.

By verskillende geleenthede waar ek die Boere in die geveg gadegeslaan het, was my beskeie oordeel oor hul houding beslis baie ongunstig; by hierdie geveg het ek egter ervaar dat waar hulle hul wil ondergeskik kon maak aan dié van 'n ander, die aanvoerder, hulle met hul uitmuntende krygerhoedanighede baie kon presteer. Die faktore wat hulle tot gehoorsaamheid kon bring, was hier aanwesig en ek noem as sodanig groot vertroue in generaal De Wet en die vooruitsig op buit. Dit behoef geen betoog dat dit 'n spannende oomblik was toe 'n groot aantal berede troepe tot op baie kort afstand van die hinderlaag nader nie; maar nóg op dié oomblik nóg toe die vuur geopen is het ek die minste senuwee-agtigheid of agitasie by die burgers gemerk. Ek het my in die vuurlinie bevind en kon vasstel dat daar met groot bedaardheid geskiet is, dat die visier behoorlik verstel is namate die vyand hom verwyder en dat die enigste waarneembare uiting van dié besondere gemoedstoestand was dat die burgers mekaar toeroep om alleen op die ruiters en tog veral nie op die perde te skiet nie.

VOETNOTE:

1. Vertaling deur C. de Jong van die artikel van luitenant C. J. Asselbergs, 'Het gevecht bij Sannas-Post' in die **Militaire Gids** (Nederland), Februarie 1904, pp 58-74. Tussenhoofde ingevoeg deur C. de Jong.

1a. Dit moet wees die plaas Erve.

2. Dit is generaal Tobias Smuts.

3. Een of enkele van die waens het aan kommandant Stephanus Gerhardus Vilonel van die Senekalkommando behoort. Toe hy weier om die waens weg te stuur het generaal Christiaan de Wet hom op staande voet sy rang ontneem. Kort daarna het Vilonel hom by Senekal aan die Britte oorgegee. Ek vermeld sy degradasie hier om aan te toon dat De Wet die tug wou versterk.

4. 'n Groot deel van Danie Theron se keurkorps van verkenners het uit buitelandse vrywilligers bestaan.

5. Hierdie sinsnede is onbegryplik in Nederlands. Die bedoeling is waarskynlik dat generaal C. R. de Wet hom persoonlik in die spruit se bedding bevind het.

6. Boesmanskop lê tussen die Koornspruit en Bloemfontein.

7. Dit was hoogswaarskynlik die bekende kaptein Gideon Scheepers, in Januarie 1902 deur die Britse krygshof in Graaff-Reinet gevonnis en tereggestel. In lewensbeskrywings oor Scheepers het ek geen vermelding van sy optrede by Sannaspost gevind nie. Blykbaar het die Britte hom nie weens die doodmaak van die Britse offisier by Sannaspost aangekla nie.

8. C. R. de Wet, **De strijd tusschen Boer en Brit,** in 1902 in Nederlands en baie ander Europese tale gepubliseer.